DIE SKADUKOL

Volume 48

Nuusbrief van:

S.A.W.A.
S.A.C.A.
BOSVELD

S.A.W.A.
BOSVELD

die redaksie sê

Hi Bosvelders

Vir die eerste keer in 'n LANG tyd sit ek hier voor die skerm van die rekenaar en ek het nie 'n benul wat om in die Skadukol te sit nie.
Toe besluit ek maar dat aangesien ek nie veel het om in te sit nie gaan ek die hele Skadukol 'n "facelift" gee...
So moenie bekommerd wees nie, hierdie IS die Skadukol wat ek vir julle gestuur het.
Hulle sê mos: "'n verandering is so goed soos 'n vakansie..."
Nou ja, net so voor die vakansie hoekom nie 'n verandering ook nie?
Julle sal ook sien ek het weer terug geval na A4 grootte toe...
Vir die eenvoudige paar redes:
1- Dit is makliker om die bladsye reg te kry vir die "Whats-App" groep.
2- Omrede ons van volgende jaar af slegs een uitgawe per kwartaal gaan uitgee, gaan dit makliker wees om bladsye by te voeg en uit te haal.
3- Dit is makliker om te druk van e-posse af (veral as julle dalk net die resep wil druk)
So ja.
2014 hou nog net met sy vingerpunte vas en dit is ook besig om vinnig te gly, 2015 is nie eers meer om die draai nie, hy is sommer al op die hoek, en hy wag met groot uitdagings...
Lees gerus die Voorsittersverslag dan sal julle verstaan...
Van ons kant af wens ons elkeen 'n Gesëende Kersfees en 'n voorspoedige 2015, oftewel 'n geknersde senuwees en 'n voorsoeninge spoedige jaar.
Vir diegene wat weg gaan, geniet jul vakansie en veilig ry.
Diegene wat met jan-tuisbly-se-karretjie gaan ry, Wees maar op jul hoede. Ongelukkig is hierdie ook die seisoen van inbrake en diefstal.
As alles goed verloop kuier ons volgende jaar weer saam onder die Skadu.

Bosveldgroete

Roelf & Lizelle

INHOUD

1:Voorblad Foto: Internet
2: Die Redaksie sê
3: Advertensies
4: Nabetraging: Dube (Afsluiting)
5: Iets vir die Bosvarkies: Langpad Krieket
6: SAWA Erekode Pitkos
7: Lief en Leed Wie Verjaar
8: Advertensies
9: Boskombuis: Bier en uie-smoor
10: Lag jou "kol" af
11: Uit die pen van die Voorsitter
12: Volgende Kamp: Onverwags (Asemskep)
13: Jaarprogram 2015 & Bosveld Bank Besonderhede
14: Bestuur Inligting

RIO
GRAFSTEENWERKE
MEMORIAL WORKS
"DIREK VANAF DIE FABRIEK AAN DIE PUBLIEK"
082 703 9564 (Roelf)
082 892 5972 (Hannes)
012 252 3623 (Fabriek)
086 542 4431
rbrewis.rio@gmail.com / riograf@telkomsa.net
Vir ons volledige reeks grafstene, gaan loer gerus op:
www.rbrewisrio.wix.com/riobrits

ADVERTEER
in
DIE SKADUKOL
Kontak: Roelf - sawa.bosveld@gmail.com

CAMPWORLD
Brits Caravans & CAMPWORLD
TRAILERS
TRAILERS
Gypsey
Sprite
Sprite
ONS
IS JULLE WOONWA HANDELAAR IN BRITS
HANDEL IN JURGENS, GYPSEY EN SPRITE WOONWAENS
KAN JULLE VOORSIEN VAN BAGASIE EN "OFFROAD" SLEEPWAENS
IS JULLE "CAMPWORLD" HANDELAAR MET GROOT VOORRAAD TOEBEHORE
HET 'N VOORRAAD OPGESLAANDE TENTE OM TE KIES EN KEUR
WERKSWINKEL HET 'N VYF STER TOEKENNING ONTVANG
IS 'N ASSURANSIE GOEDGEKEURDE HANDELAAR
DIENS, DOEN HERSTELWERK, ASOOK OMBOUINGS AAN JULLE WAENS
KOM MAAK GERUS 'N DRAAI BY ONS
(012) 252 4882
www.britscaravans.co.za

DUBE
Private Game Reserve

Hi Bosvelders
Die laaste kamp van die jaar het goed afgeloop.
Vrydag-aand het almal boekevat bygewoon en na die tyd saam oor die braaivleis-vure gekuier.
Dankie JJJ vir die boekevat. Ons waardeer dit baie.
Saterdag middag was dit die kersboom, wat toe sommer as 'n onbeplande afsluiting gedien het, as gevolg van die reën Sondag oggend.

Dit was eintlik 'n rustige naweek, waar almal 'n bietjie kon rus en asem skep na die lang jaar.
Dankie vir die 16 waens wat deel was van ons verrigtinge die naweek.

Geniet 'n vreugdevolle Kersseisoen en mag die Here ons bewaar en veilig volgende jaar weer bymekaar bring.

Bosveldgroete
Hettie & Sansie

SAWA Bosveld Lede

Lid Nommer	Lid Naam	Alg. Kamp #	Eie Kamp #
12098	JRP Brewis (jnr)	36	28
10064	JRP Brewis (snr)	142	124
12571	WJ Brink	8	7
11240	R du Toit	81	74
9032	JJ Erasmus	7	6
10321	A j/v Rensburg	90	77
12614	J j/v Rensburg	7	7
7499	JJ j/v Rensburg	138	118
12733	JA Joubert	2	2
6269	GH Meyer (snr)	*323	234
7492	GH Meyer (jnr)	299	211
11336	HF Möller	81	75
12644	SJ Oosthuizen	6	6
10767	M Smit	116	102
10908	BF Smit	51	57
11905	CJ Walker	33	26
12628	C Wolfaardt	4	3

Gaste
Neels & Danita de Beer
Graven & Drienie Milles

Boekevat Vrydag-aand: JJJ j/v Rensburg
Boekevat Saterdag-aand: Hettie Brewis
Erediens Sondag-oggend: Geen

Iets vir die BOSVARKIES

Langpad Krieket

Voorbeeld:

Span 1	Speler A
	Speler B

1	4	1	1	4	6	0				17
1	1	1	6	1	6	4	0			20

Punte Telling:
Kar met 'n Karavaan of Boswa: 6 Punte (6)
Kar met 'n Treiler: 4 Punte (4)
Enige Kar: 1 Punt (1)
Taxi of Bus: Uitgeboul (0)
Vra vir Pappa of Mamma om vir julle so paar van hierdie bladsye te druk vir die langpad...
Elke speler kry 10 kanse per beurt tensy hy/sy uitgeboul word.
Die spel kan individueel of in spanne gespeel word.

SAWA Erekode

Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die Grondwet, asook die Riglyne en Gedragskode van die Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie.
Verder verbind ek myself tot die volgende:

1. Ek sal strewe om die Christelike grondslag van SAWA te bewaar en uit te lewe.

2. Ek sal SAWA dien sover ek kan en alles in my vermoe doen om ons assosiasie uit te brei.

3. Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar.

4. Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik.

5. Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers.

6. Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van SAWA te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ons in aanraking kom af te dwing.

Julle kan S.A.W.A. Se Grondwet
aflaai deur om hierdie QR kode te "scan"

Gaan loer ook maar gerus op SAWA se webwerf
vir interessante artikels en baie informasie:

www.sawa.org.za

Vandag gaan ek die môre groet, die sonskyn en blou lug geniet en net dankie sê dat ek lewe.
Sak 'n trietsige reën egter uit, sal ek dan nie ook daarvoor dankbaar wees dat ek leef om dit te sien en ervaar nie?

Lief:

- Baie geluk aan almal wat verjaar het, en nog gaan verjaar.
- Baie geluk aan almal wie se huweliks-herdenkings wat onlangs was en nog gaan wees.
- Theo sterk goed aan na sy operasie.
- Theo se dogter (Lynette) het 'n nuwe motor gekry.
- Attie en Isabelle Hatting het 'n nuwe bakkie gekry.
- Oom Neels en tannie Leonie Roodt het weer oupa en ouma geword.
- Adriaan en Thabitha Joubert het oupa en oume geword.
- Oom Gert en tannie Spokie Meyer het weer oupa en ouma sowel as oupa- en oumagroot geword.
- Christo en Ina Wolfaardt is 'n kleinding ryker

Leed:

- Sterkte aan almal wat siek is.
- Theo was in vir 'n operasie.
- Tannie Lettie het haar hand gebreek.
- Attie en Isabelle Hatting was in 'n ongeluk. Niemand het seergekry nie maar Attie se bakkie is afgeskryf
- Rina du Toit moet Hospitaal toe gaan vir toetse omrede sy weer probleme met haar hart het.
- JJJ se dogter, Ulicia Theron is in die hospitaal opgeneem vir toetse

Stuur vir ons jul Lief en Leed na:
dieskadukol@gmail.com of faks na 086 542 4431
of julle kan dit op die WhatsApp groep plaas.

NOVEMBER	DESEMBER	JANUARIE
3 Cobus Bezuidenhout	1 Christo Wolfaardt	3 Cobus Brink
3 Rina du Toit	2 Riaan Louw	4 Marischka Whiteman
4 William Gillespie	5 Riaan Pretoruis	5 Zanele v/d Nest
14 Martie Gillespie	5 Ewald Pretoruis	6 Lindie de Beer
16 Joey Oosthuizen	6 Gawie du Toit	9 Jacomien Pienaar
17 Sarel Barnard	8 Charnel Louw	11 Karin v/d Schyff
17 Jan Casteleijn		13 Jonathan j/v Rensburg
19 Linda de Beer		14 Leon Nortje
28 Sansie j/v Rensburg		20 Buks Meyer
29 Karin v/d Nest		21 Ina Wardley
		25 Ina Wolfaardt
		26 Johanna v Wielligh

Indien een van julle se name nie op die lys is nie, laat weet ons asseblief sodat ons die lys op datum kan bring...

Dragonfly Imprints

SPORTS CLOTHING - DIGITIZING - EMBROIDERY

Charmaine Smit
Tel: 014 574 4338
Cell: 076 413 4524
Email:charmaine@dragonflyimprints.co.za
Website:www.dragonflyimprints.co.za

Introducing

Mannatech Ūth Advanced Skin Matrix Rejuvenation Crème with Youth-Inducing Microspheres and Manapol Powder

Release your body's natural ability to support beautiful, healthy skin through a new, patented microsphere delivery system that nourishes your skin with youth-inducing ingredients in a time-released pattern. This pattern optimizes the natural production of skin cells at all levels by delivering naturally-sourced glycans, featuring Manapol® powder.

Ūth™ Advanced Skin Matrix Rejuvenation Crème:
- penetrates each layer of the skin to help reduce the appearance of fine lines and wrinkles
- provides firmness, radiance and luminosity

Directions for use: After cleansing with your Mannatech Lift™ cleanser, apply Ūth Advanced Skin Matrix Rejuvenation Crème to skin morning and night. Starting at the base of the neck, stroke upward covering the entire neck and face area.

Manapol, Mannatech, Mannatech Lift and Ūth are trademarks of Mannatech, Incorporated.

Kontak:
Stefnie Viljoen
079 394 6033
stefniev@gmail.com

Vir diegene wat nie deel wil wees van die "kletsgroep" nie, stoor asseblief my nommer (082 689 6519) op jul fone, en stuur die woord "Broadcast" na my toe.
Julle sal slegs dan belangrike inligting van my af deurkry.

SAWA Webtuiste
www.sawa.org.za

SAWA Bosveld Webtuiste

SAWA Bosveld Facebook

Gaan Like Ons

SAWA BOSVELD NUUS

082 689 6519
SAWA Bosveld WhatsApp groep

BOS KOMBUIS

Bier-en-uiesmoor

12 Sep 2014 deur Weg DEUR: ALETTA LINTVELT

Bron: Weg se wêrf

Weg Sleep forum

Vir 6
Voorbereityd 10 minute
Gaarmaaktyd 40 minute

Vir dié resep kan jy enige bier gebruik. Ek het appelwyn (cider) gebruik wat taamlik soet is. Die suikers karamelliseer en sorg vir 'n soetsuur sous wat lekker is saam met 'n groot snit geroosterde vleis.

Jy benodig

- 2 eetlepels botter
- 3 uie, in dun ringe gesny
- 4 knoffelhuisies, fyngekap
- 2 eetlepels koekmeel
- 1 koppie bier (appelwyn of enige ander bier)
- 1 eetlepel bruinsuiker of heuning
- 1 koppie hoenderaftreksel
- 2 takkies roosmaryn of salie
- 1 suurlemoen

Só maak jy

1 Verhit die botter en soteer die ui en knoffel in die botter tot dit glansend en sag is. Sit die deksel op en laat dit vir nog 10 minute prut.

2 Sprinkel die meel oor die uie en roer dit deur. Gooi dan die bier en suiker by, verhit die mengsel en kook dit vinnig vir 8 minute of totdat dit verdik en die meeste van die bier verdamp het.

3 Gooi die aftreksel en kruie by en kook dit stadig vir nog 15 minute. Haal dit van die hitte af, druk die suurlemoensap na smaak oor en roer dit deur.

WENK

Dit kan ook saam met boereworsrolletjies, steak of kapokaartappels voorgesit word.
Die smoor sal vir tot 'n week lank in die yskas hou.

Red--
Vir diegene wat soos ek mal is oor 'n boerie-roll kan hierdie uiesmoor net 'n wenner wees op een....

indien julle dalk iets snaaks het, of enige idees of grappies het.
self 'n snaakse storie wat met julle al gebeur het.
stuur dit asseblief vir my...
Hoe groter argief ek het hoe beter...

Jy weet jy doen dit verkeerd as...

'n Man is besig om rugby te kyk terwyl sy vrou in die bloedige son grassny.
Hy skraap toe moed bymekaar en loer uit by die venster en skree vir sy vrou,
"Heeeyyy!! Wat eet ons vanaand?!"
Sy vrou hou op grassny en sê vir hom bloedig kwaad,
"Maak of ek uitstedig is en maak vir jouself kos vir 'n slag!!'
Na die vrou klaar gesny het en als weggepak het ruik sy die lekkerste reuk wat uit die kombuis uit kom.
Sy gaan toe kombuis toe en sien haar man het lekker gebraaide knoffel aartappels gemaak en lekker dik 'steak'.
"So waar is myne??" vra sy.
Die man antwoord, "Wat soek jy hier?
Ek dog jy is uitstedig"

LOG jou "Kol" af...

SLEGS WARE MANNE BRAAI VLEIS...

Vleisbraai is die enigste tipe kosmaak wat 'n ware man sal doen.
Wanneer 'n man besluit om te braai, ontstaan die volgende ketting-reaksie:

1) Die vrou gaan koop die vleis en by-kossies.

2) Die vrou maak die slaai, pap en sous.

3) Die vrou gooi speserye op die vleis, sit dit in 'n bak saam met die nodige braai-gereedskap en souse en vat dit na die man wat langs die braaier met 'n dop in sy hand staan.

4) Belangrik:
DIE MAN PLAAS DIE VLEIS OP DIE ROOSTER

5) Die vrou gaan na binne om die borde en eetgerei reg te kry.

6) Die vrou kom uit om die man te vertel dat die vleis besig is om te verbrand.
Hy bedank haar en vra of sy nog 'n dop sal gooi terwyl hy die situasie onder beheer bring.

7) Weer belangrik:
DIE MAN VERWYDER DIE VLEIS VAN DIE ROOSTER EN GEE DIT VIR DIE VROU AAN.

8) Die vrou sit al die kos gereed op die tafel.

9) Na ete dek die vrou die tafel af en was al die skottelgoed.

10) Almal bedank die MAN vir die heerlike braai-poging. Later vra die man of sy vrou darem haar "aandjie af" geniet het.
Wanneer hy die reaksie op haar gesig sien, besluit hy daar is ook niks wat sommige vrouens tevrede sal stel nie...!!!!

Uit die van die Voorsitter

Hi Bosvelders

2014 so te sê verby en 2015 klop aan die deur.
Baie het gebeur hierdie jaar, goed en sleg.
Daar was baie lief en leed, maar alles is nou in die verlede.
Volgende jaar wag daar groot dinge op Bosveld.
Jannie Meyer, ons Nasionale voorsitter het my gevra of ons belang sal stel om volgende jaar die Kongres aan te bied.
Nadat ek met die bestuur gepraat het, het ek hom laat weet dat dit vir ons 'n eer en voorreg sal wees.
So ja, volgende jaar is dit groot beplanning.
Ek wil nou al solank op jul knoppies begin druk. Alhoewel dit eers in Oktober is, is dit vreeslik baie beplanning en die naweek self vereis baie werk vir die wat die kamp gaan bywoon. Vir ons sal dit dan ook 'n eie kamp wees, maar ek moet waarsku. Daar gaan geen rus wees daardie naweek nie.
Gelukkig weet ek dat ek op julle sal kan staat maak en dit sal 'n reuse sukses wees. Ek sal so deur die loop van die jaar julle op hoogte van sake hou, en moenie verbaas wees as julle dalk 'n luitjie van my af kry nie.

Toe ons nou van die besprekings gemaak het vir volgende jaar se kampe het Koppisol ons laat weet dat hulle 'n boeremusiek gulde aanbied die naweek wat ons veronderstel is om by hulle te kamp en dat daar nie plek is vir ons groep nie. Dus noodgedwonge moes ons die kamp geskuif het na Bosveld Oase toe. Sulke besluite word nie ligtelik gemaak nie, en kamp verskuiwings is eintlik 'n groot NEE!.
Die jaarProgramme is klaar gedruk en dit behoort binnekort by julle te wees. Ons hoop net dat daar nie verdere veranderinge kom nie en dat ons die res van ons program kan hou soos dit is.
Ek wil ook vir almal baie dankie sê vir 'n baie suksesvolle 2014.
Julle is die klop in Bosveld se hart.
Ongelukkig het ons heelwat lede verloor, maar ons is ook baie dankbaar en bly vir al die nuwe lede wat aangesluit het.
Ledewerwing is een van die punte wat altyd op 'n vergadering opduik, maar daarmee gepaard is die lede behoud. Reik 'n bietjie uit na die lede wat lanklaas gekamp het en nooi hulle om weer hul bosveld-vuurtjie te kom aansteek.
Julle moet die feesseisoen geniet en veilig wees op die land se paaie, indien julle sou ry.
Dink solank dan aan moontlike kamp plekke vir 2016.
Soos julle weet begin ons alreeds in Maart 2015 met 2016 se beplanning
Ons kuier weer saam volgende jaar, as dit die Here se wil is, dan kan julle my vertel van al die nuwe mooi oorde.

Bosveldgroete.

KARAVAAN PARK
ONVERWAGS
WILDSPLAAS
CARAVAN PARK

Volgende jaar skop ons weer die jaar af met 'n lekker "Asemskep" naweek by Onverwags Wildsplaas vanaf 30 Januarie tot 1 Februarie.
Diegene wat die Sosatie kompetisie naweek bygewoon het sal nog onthou die lowergroen gras en die feit dat Bosveld die hele oord daardie naweek net vir hulself gehad het... Ek glo nie ons sal weer so gelukkig wees nie.
Die staanplekke is lekker groot, maar die padjies wat na die staanplekke toe lei se draaie is so bietjie skerp vir die manne met die lang kobinasies.
Maar die met die kleiner karavane het geen probleem nie.
Om daar te kom is dit dieselfde pad as Dube toe, maar jy ry net verby Dube se hek vir so +- 7km.
Ek moet maar net vroegtydig waarsku: die laaste paar kilometer tot by die hek se pad was daardie tyd maar lelik.
Ons Kampkommandante vir die naweek is Rina du Toit en Martie Smit.
Die koste vir die naweek is R410.00.
Dit sluit dan 4 persone en 1 voertuig per staanplek in. Ekstra persone of voertuie is dan R50.00 per dag.
Besprekings en bewys van betalings moet asseblief voor 16 Januarie 2015 by ons wees.
Julle kan die bewys van betalings stuur aan 086 542 4431 of na een van die volgende epos adresse: ***rbrewis.rio@gmail.com*** of ***riograf@telkomsa.net***
Vir meer info oor die oord kan julle op hul webwerf gaan loer: www.onverwags.co.za

GPS Coördinate
Afdraai : S25' 27' 32.3 | E027' 47' 10.1"
Ontvangs : S25' 26' 58.3 | E027' 47' 18.4"

Ons hoop om julle almal daar te sien.

Bosveldgroete

Red.

Onderdak Swembad

Een van die Ablusieblokke

Lowergroen Gras Staanplekke

Jaarprogram 2015

Datum:	Oord:	Tema:	***Koste:
30 Jan. - 1 Feb	Onverwags	Asemskep Naweek	R 410.00
6 - 8 Mrt	Bosveld Oase	Vroue Naweek	R 620.00
**3 - 5 Apr	Klipdraai	Presidente	**Sal Volg
29 - 31 Mei	Klein Paradys	Potjiekos Kompetisie	R 690.00
*19 - 26 Jul	Manyane	Wildkyk Naweek	**Sal Volg
21 - 23 Aug	Arendsnes	Veldskool Naweek & AJV	R 710.00
18 - 20 Sept	Fortuna	Visvang & Manne Naweek	R 630.00
**16 - 18 Okt	Buffelspoort	Kongres	**Sal Volg
6 - 8 Nov	Dube	Afsluiting	**Sal Volg

Kampkommandante

Onverwags - Rina du Toit & Martie Smit
Koppisol - Hettie Brewis & Martie Smit
Klein Paradys - Jannie Erasmus & André j/v Rensburg
Manayne - Oom Buks Möller, oom Neels Roodt, JJJ j/v Rensburg, Roelf Brewis snr
Arendsnes - Roelf & Lizelle Brewis
Fortuna - Theo Senekal & John Wardley
Buffelspoort - Streek Bosveld
Dube - Roelf Brewis jnr & JJJ j/v Rensburg

*** - Datums sal bevestig word by oord "Winter Special".**
**** - Hierdie jaar sal die Presidente sowel as die Kongres as EIE kampe tel.**

SAWA Bosveld Bank Besonderhede:

Standard Bank Montana
Naam van rekeninghouer: SAWA Bosveld
Rekening Nommer: 20-03-93-32-4
Tak Kode: 01-5945-00
Tipe Rekening: Tjek
Fax Nommer: (012) 252 7934

Let asseblief:
Afsnydatum is 2 (Twee) weke voor 'n kamp.
Alle besprekings sowel as betalings MOET in wees voor die afsnydatum om 'n staanplek te verseker.

BESTUUR

VLNR: Roelf Brewis (Voorsitter), Lizelle Brewis (Addisioneel onder Penningmeester), JJJ j/v Rensburg (Addisioneel onder Onder-Voorsitter), Martie Smit (Sekretaresse), Hettie Brewis (Penningmeester), Theo Senekal (Onder-Voorsitter), Babs Senekal (Jeug Verteenwoordiger), Oom Buks Möller (Seniorburger Verteenwoordiger), Jonathan j/v Rensburg (Addisioneel onder Sekretaris)

Kontak Besonderhede van Bestuurslede:

Voorsitter:	Roelf Brewis	082 689 6519	rbrewis.rio@gmail.com
Onder-Voorsitter:	Theo Senekal	084 657 6369	theos@execmail.co.za
Sekretaresse:	Martie Smit	082 411 6906	mmesmit@telkomsa.net
Penningmeester:	Hettie Brewis	082 442 2671	hbrewis.rio@gmail.com
Addisioneel onder:			
Onder-Voorsitter:	JJJ j/v Rensburg	079 692 1817	j3vr@vodamail.co.za
Sekretaris:	Jonathan j/v Rensburg	083 263 7736	jonathan@viva.co.za
Penningmeester:	Lizelle Brewis	072 246 5765	lizbrewis@gmail.com
Seniorburger Verteenwoordiger:	Buks Möller	082 462 2100	
Jeug Verteenwoordiger:	Babs Senekal	084 534 4750	babsie@execmail.co.za
Redakteur:	Roelf Brewis	082 689 6519	dieskadukol@gmail.com
Proeflesers:	Lizelle Brewis & Hettie Brewis		
Facebook Redaksie:	Nelmarie Grobbelaar	084 299 3703	lengrob69@gmail.com
	Hettie van Rooyen		vrooyet@telkom.co.za